Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

ASSESSMENT AND EXAMINATIONS DIRECTORATE
Bundy Park, Private Bag 4571, King William's Town, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

NSC 2016 CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT	Afrikaans Huistaal

PAPER	2

DATE OF EXAMINATION:	16 November 2016	**DURATION:**	2½ uur

SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

Die Oos-Kaapse leerders het ongelukkig nie vanjaar goed presteer in Vraestel 2 nie. Die topkandidate het redelik goed gevaar omdat hul behoorlik voorberei het, maar ongelukkig het die meerderheid leerders teleur gestel.

Die leerders ken nie die basiese literêre begrippe of die inhoud van die romans en dramas nie. Dit wil voorkom of leerders se basiese kennis van die gedig of die storie hul in die steek laat en dan is dit baie moeilik om ingewikkelde vrae waar afleidings en verdere interpretasie verwag word, te beantwoord.

In eenvoudige Afrikaans gestel: die kinders leer nie hard genoeg vir letterkunde nie – en ongelukkig laat hul geheue hul in die steek, want die vrae in eksamenvraestelle vereis kennis van detail en fynere besonderhede in die romans, dramas en veral die poësie.

Die stapelvrae bly steeds 'n groot uitdaging, want leerders beantwoord net gedeeltes van die vraag en verdien selde hul 3/4 punte omdat hul slegs op sekere gedeeltes van die vraag konsentreer.

Leerders moet aangemoedig word om hul inhoud goed te ken en weer later in die matriekjaar terug te gaan en te herlees om seker te maak hul kén die stories en die gedigte se inhoud. Gereelde inhoudsklastoetse moet ook geskryf word.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions

(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 1 – Nuus uit die binneland

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	41%	
SUB-QUESTION	TOPIC OR ASPECT TESTED	AVERAGE % FROM SAMPLE

Die vraag is redelik goed beantwoord aangesien slegs die braafstes kans gesien het om 'n opstel te skryf.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die leerders wat hierdie opsie kies, is slim, want waar die kontekstuele vraag soms taaier is as wat dit op die oog af lyk, kry leerders hoër punte in dié vraag omdat struktuur ook getoets word en breër kennis van die gediginhoud vereis word. Die meeste leerders behoort 5/10+ vir die vraag te verdien.

Sommige leerders het egter gesukkel om gemotiveerde feite te skryf en na die onderwerp te verwys en het toe slegs die inhoud van die gedig oorgeskryf, in plaas daarvan om op die kontraste te fokus.

Indien leerders 'n vraag oor kontraste moet beantwoord, is dit slim om altyd onmiddellik die kontras aan te dui eerder as om paragrawe oor die een kant van die saak te skryf en eers later in aparte paragrawe die ander kant van die argument te verduidelik. Dit vergemaklik die taak van die merker om vinniger die kontraste raak te sien – en dit het noodwendig 'n positiewe impak op die leerder se inhoud- en taal/struktuurpunt.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet die PVI-metode gebruik wanneer die langvraag beantwoord word.

Begin die opstel met 'n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink as 'n toespraak volg nie. Die leerders moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou die kontraste in die gedig bespreek…") nie.

Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens 'n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met 'n VERDUIDELIKING of 'n ILLUSTRASIE uit die gedig te ondersteun.

Eindig die opstel met 'n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Baie leerders kon nie die verskille in die gedig raaksien nie.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Leerders moet deur vorige vraestelle se memorandums werk en die inligting dan gebruik om 'n eie literêre opstel te skryf. Onderwysers moet die struktuur van die opstel ook in detail met die leerders bespreek. Onderwysers moet ook die nasienrubriek goed bestudeer en in julle vakspanne deurtrap sodat seker gemaak word dat die beoordeling dwarsdeur die jaar op standaard is. Onderwysers moenie regmerkies op die opstelle maak nie. Die uiteindelike punt vir die opstel moenie die aantal merkies wees nie. Gebruik gerus kodes (sien memorandum van kodes vir vanjaar se vraag gebruik) nadat gemotiveerde feite aangebied is, maar weerhou u daarvan om net feite te tel en dan die inhoudspunt daarop te baseer. Lees die nasienrubriek baie mooi om te verstaan wanneer die werk elementêr/gemiddeld/knap/uitsonderlik is.

QUESTION 2 – Een sprong vir…

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**63%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Hierdie vraag was die gewildste vraag by die gedigte en die leerders het goed gevaar. Ek vermoed baie kandidate kan met die spreker identifiseer en in hul antwoorde was dit duidelik dat 'n paar reeds dalk al die storms van jeugverhoudings beleef het. Moedig leerders aan om eerder vrae te kies waaroor hul genoeg agtergrondkennis het indien die inhoudkennis en tegniese kennis ontbreek…

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Baie leerders het nie geweet wat 'n retoriese middel (2.2) is nie en hul kon nie die funksionaliteit van die ellips (2.2) bespreek nie. Leerders verdien nie in graad 12 punte indien hul skryf "die gedagte hou aan" nie. Dit moet darem in konteks met die gedig gebring word. Wat is die gedagte? Hoekom hou dit aan? Wat wil dit vir ons beklemtoon?

Stemming (2.5) was ook 'n probleem. Leerders skryf ingesteldhede eerder as stemming neer. Woede is byvoorbeeld nie 'n stemming nie, maar eerder die spreker se ingesteldheid. Sarkasme is ook nie stemming nie.

Leerders moet leer dat rym (2.6) en halfrym dikwels die gediginhoud komplimenteer en moet daarom kan sê waarom spesifieke rym gebruik word.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Onderwysers moet deurentyd bewus bly van die kognitiewe vlakke wat getoets word. Moenie deur die loop van die jaar slegs VLAK 1-vrae toets nie. Behou die verhouding van 40 (vlak 1,2), 40 (vlak 3 – afleiding) en 20 (vlak 4,5).
Maak leerders gewoond aan die VLAK 3-vrae waar afleidings gevra word. Die evaluering en waardering (VLAK 5) verdien ook gereelde oefening. Dit is duidelik dat sekere leerders nie geweet het hoe om dié evaluering/waarderingvraag te beantwoord nie.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders beantwoord nie stapelvrae in volgorde nie. Leerders skryf ook lang opstelle vir 1/2-punt vrae.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Alles wat leerders skryf, word ongelukkig nie gelees nie (al staan die antwoord doer onder op die bladsy). Leerders moet kort, bondig en op die man af skryf. Vir DRIE punte is DRIE sinne (ja, uitgebrei is goed en reg) voldoende.
Indien een antwoord vereis word en die leerders skryf 'n antwoord en skryf EN, sien ons nie die volgende gedeelte na die EN na nie omdat dit 'n tweede antwoord impliseer. Ons sien slegs die eerste antwoord na. Baie kandidate verloor onnodig punte omdat hul omslagtig begin en dan na 3 of 4 sinne eers by die regte antwoord uitkom.
Die woord DIT is 'n groot vyand in die letterkunde. Ons trek 'n sirkel met 'n groot vraagteken. Die leerders kan nie skryf 'Die finaliteit van dit word beklemtoon' nie. Wat is die dit? Leerders moet spesifiek wees en volledig en duidelik antwoord. Te veel antwoorde is vaag en begin met 'Hulle' (wie is die hulle?) is hartseer, want dit (wat is dit?) het nie gewerk nie.

QUESTION 3 – staat

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**54%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Hierdie vraag is die swakste van al die vrae in Afdeling A beantwoord. Die leerders het nie by die regte antwoorde uitgekom nie, want hul het 'n basiese begrip dat hierdie gedig politieke ondertone het en dan wil hul net oor Apartheid en wit/swart skryf, al vereis die vraag meer begrip en insig.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Leerders weet nie wat inversie (3.1) is nie en nog minder hoe dit die gediginhoud komplimenteer. Leerders moet leer dat stylfigure gebruik word om die inhoud te ondersteun.

Leerders het ook nie verstaan wat die funksie van alliterasie (3.2) is nie en wil bloot sê 'vir beklemtoning'. Ons moet in Huistaal weet wat/hoekom iets beklemtoon word. Baie leerders skryf

ook net bloot wat in die gedig staan (die krap is dood), maar by so ’n vraag word vereis dat die kandidaat verduidelik dat die d-alliterasie die doodsheid van hierdie krap beklemtoon/uitwys/daarop dui.

Ironie (3.4) het ook probleme veroorsaak, want die kandidate verduidelik nie vir ons beide kante van die ironie nie. EEN punt word slegs toegeken wanneer leerders albei kante van die ironie verduidelik.

Die leerders kom ook nie verduidelik hoekom die tema van die gedig universeel is nie. Hul kyk ook nie na die puntetoekenning nie. Indien die vraag 2 tel (soos in dié geval) moet twee argumente aangevoer word. Leerders wou hier net weer na die Apartheidstelsel verwys eerder as om die universele verskynsel wat in die tema van die gedig opgesluit lê, te verduidelik.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet onderrig word om na die puntetotaal van die vrae te kyk. Indien dit 2 is, word 2 argumente verwag. Dis nie slegs een punt en ’n uitbreiding van die gedagte nie; dis ’n hele nuwe argument wat die tweede punt sal verdien.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders moet kort en bondig skryf. Ons het hier baie leeswerk gehad vir 1/2-puntvrae. Dit dui daarop dat die leerders onseker is (gorrel) en dan kan ons nie lees en lees en lees tot ons ’n moontlik antwoord raaklees nie. Die leerders moet hul voorkeurgedagte eerste neerskryf.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leerders moet ook onderrig word om die denotatiewe en konnotatiewe in gedigte raak te sien. Onderrig leerders om vraagspesifiek te antwoord. In 3.3 is die beeldspraak getoets en leerders het sommer net in die algemeen oor die ‘swart mierbataljon’ geskryf as iets in die Apartheidsjare, maar daar is baie meer in dié metafoor opgesluit. Hier gaan dit oor die meerderheid wat die minderheid onderdruk, die assosiasie met oorlog/stryd – dit eerder as net die swart/wit-gedagte.

QUESTION 4 – Kwatryne

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**59%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Hierdie vraag is goed beantwoord.

Leerders moet onthou om slegs die korrekte hoeveelheid woorde te skryf indien gevra word "Haal TWEE opeenvolgende woorde aan" (4.10).

Leerders moet nie volle reëls aanhaal indien 'n frase (4.2) gevra word nie.

Leerders moet die volledige versreël aanhaal waar inversie voorkom (4.3.1) en nie slegs die woorde wat in die omgekeerde orde staan nie.

Dit is duidelik dat sekere leerders nie gewoond is aan waarderingvrae (VLAK 5) soos by 4.5 nie. Maak u leerders gewoond aan hierdie soort eie mening-vrae. Dit moet binne konteks ook korrek en aanvaarbaar wees – dit is nie blote pasella-punte vir enige gedagtes nie.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Tegniese afronding vereis aandag. Leerders moet onderrig word om korrek aan te haal soos gevra word, eie menings moet binne konteks van die gediginhoud korrek wees en inversie moet duidelik aangehaal word.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders moet in elke gedig kan verduidelik wie die spreker in die gedig is (soos by bv. 4.4).

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Let op die beeldspraak/stylfigure en tema van elke gedig. Leerders het gesukkel om by die korrekte antwoord vir die tema van hierdie gedig uit te kom. Hul antwoorde is vaag ("dit gaan oor 'n optrede wat jy lewer"), maar ons verwag meer. Leerders moet darem die toneelwêreld by sy/haar antwoord betrek. Temas/ Metafore verwys ook na die breër gedagte van die gedig eerder as net spesifieke raakpunte uit strofes.

QUESTION 5 – As die son sak uit die weste (ongesiene gedig)

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**53,2**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die eerste paar vrae van die gedig is goed beantwoord. Die leerders het by die laaste vraag gesukkel om drie argumente te noem.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate

common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Leerders kon nie behoorlik verduidelik hoe die slotkoeplet inhoudelik by die titel van die gedig aansluit nie (5.6). Leerders het ook gesukkel om die boodskap van die gedig af te lei en het ongelukkig baie letterlik na die tromme van Afrika verwys. Dit het meegebring dat hul die aktualiteit van die gedig ook verkeerd geïnterpreteer het.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Leerders moet gereeld die geleentheid kry om ongesiene gedigte te beantwoord/oefen. Gee voorbeelde uit ou vraestelle vir u leerders om as ’n vinnige klastoets te beantwoord en maak hul gewoond aan hierdie soort vraag. Selfvertroue speel hier ’n groot rol en as hul gereeld oefenkans kry, sal hulle nie so beangs wees om in eksamenomstandighede hiermee gekonfronteer te word nie.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Leerders moet vir DRIE punte DRIE argumente neerskryf. Leerders kan nie net een gedagte skryf en daarop uitbrei nie.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Leerders moet weet wat klankeffekte (5.2) is.

QUESTION 6 – Die kwart-voor-sewe-lelie

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**70,1**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die langvraag is goed beantwoord, maar te veel leerders vertel steeds Iris se lewensverhaal en kom
nie by die buitestanderskap uit nie. Leerders moet die hele tyd die vraag in gedagte hou en kan nie
bloot karaktersketse skryf nie. Ons het ook heelwat sentrums gekry waar leerders uitgewerkte
opstelle geskryf het – en wat ongelukkig nie sterk genoeg by die onderwerp uitgekom het nie. Sulke
opstelle verdien nie sommer meer as 8 of 9 uit 25 nie.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Leerders vertel die storie in plaas daarvan om die vraag te beantwoord. Baie leerders het Iris se lewensverhaal vertel, maar nooit gesê hoe dit haar 'n buitestander maak nie. Dit gaan hier oor die aanbieding van argumente eerder as die oordra van die inhou. Kandidate wat net geskryf het "Iris het 'n engel wat haar geselskap hou" het nie so 'n goeie punt behaal soos iemand wat geskryf het "omdat Iris anders is as die meeste mense, het sy as buitestander 'n engel wie se geselskap sy eerder verkies" nie. Die leerders moet by die vraag bly.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Leerders moet die PVI-metode in hul opstelle gebruik. Maak 'n stelling (P) en verduidelik of illustreer dan met 'n voorbeeld uit die teks. 'n Kort inleiding en slot is deurslaggewend.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Leerders ken nie hul inhoud goed nie en maak dan feite op soos hul aangaan of begaan groot feitefoute. Dit word ongelukkig streng gepenaliseer.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Leerders moet literêre opstelle oefen. Deel die memorandums van vorige eksamens aan u leerders uit sodat hul daardie inligting kan gebruik om 'n goeie opstel te skryf. Kyk dan na die struktuur en aanbieding en maak seker dat u vertroud is met die nasienrubriek. Ons merk nie feite nie (geen regmerkies moet gemaak word nie), maar u kan kodes gebruik wat u kan help met u eie gedagtegang soos die opstel nagesien word. Sien die nasienrubriek vir die kode van hierdie opstel.

QUESTION 7 – Die kwart-voor-sewe-lelie

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**47,1%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Hierdie vraag is baie swak beantwoord. Leerders ken nie die inhoud van die roman nie. Die stapelvrae het ook probleme veroorsaak.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Leerders ken nie die inhoud van die roman nie.

7.1 Leerders het nie geweet waarheen Iris in die verhaal reis nie.
7.2 Leerders verstaan nie wat 'geregverdig' beteken nie.
7.3 Leerders kan nie bloot enige karaktertrek wat hul van die karakter ken, neerskryf nie. Hulle met kyk wat in elke geval gevra word. Dit is van kardinale belang dat hul die teksgedeeltes goed lees en bestudeer.
7.6 Die leerders moet darem die basiese 'belangrikste' inligting in die roman ken. Die betekenisse van Iris se naam is belangrik. Leerders het dit nie geken nie.
7.7 Kyk mooi na die verskil tussen die TEMA en die BOODSKAP. Die tema is die breër lewenswaarheid wat deur die hele roman afgelei word en dit gaan nie hier oor die hoofkarakter nie, maar oor die mens in die algemeen. Baie leerders het geskryf 'Iris wil blom'. Dit gaan hier oor 'die mens wat elkeen streef na een groot blomoomblik is sy/haar lewe'. Die boodskap gaan dan verder en het betrekking op die individu (die leerder dus) se 'les' wat hy/sy vir hom/haar uit die tema formuleer. Bv. Ek het geleer dat elke mens nie so op soek moet wees na die een groot blomoomblik in jou lewe dat jy die lekker van die hier en die nou misloop nie.
7.8 Leerders het nie 'agtergrond' verstaan nie en dit baie letterlik opgeneem. 'Agtergrond' in die letterkunde verwys na die konteks waarbinne die gebeure afspeel (wat is aan't gebeur/wat het gebeur).
7.9 Leerders kon nie die rol van die verteller verduidelik nie. Die vaardigheid om so 'n vraag te beantwoord moet onderrig word. Leerders weet nie hoe om dit te benader nie. Dit gaan hier oor dit wat die leser eindelik ervaar deur die rol van die vertelling/verteller in daardie stadium. Kyk na die memorandumopsies en oefen hierdie vraag by elke teks wat in die klas gelees word. Leerders moet ook spesifieke wees in hul beantwoording van dié soort vraag.
7.10 Leerders noem nie die verskille in optredes nie en vertel bloot wat gebeur. Die verskille moet duidelik uitgewys word.
7.12 Die konnotatiewe betekenis in die teks moet onderrig word, want leerders kan nie hul behoorlik uitdruk nie. Dis ongelukkig nie genoeg om te sê "die engel is regtig 'n engel nie". Dis nodig om dit baie duidelik (eenvoudig) te verduidelik.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Onderwysers moet met die lees van die teks gereeld stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die leerders die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets leerders se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders moet kort en kragtig skryf. Omslagtige antwoorde is nie tot voordeel van die kandidaat nie aangesien nie alles nagesien word as ons slegs 2/3 punte vereis en die kandidaat tien gedagtes neerskryf nie. Dit is ongelukkig ook dikwels ons sterker kandidate wat hul in die voet skiet deur te lang en uitgebreide antwoorde te wil skryf. Fokus baie op die tegniek van kort en bondige beantwoording van vrae.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Laat die leerders gereeld inhoudstoetse skryf en maak leerders gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die roman.

QUESTION 8 – Manaka plek van horings

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**32,8%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die langvraag is redelik goed beantwoord. Die leerders wat nie goed gevaar het nie, het nie die inhoud van die roman goed genoeg geken nie.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Leerders vertel die storie in plaas daarvan om die vraag te beantwoord. Die leerders moet by die vraag bly. Hier het dit oor Baas gegaan wat swerf, wat rus en groei en wat vir ander omgee. Die kandidate het ongelukkig net gefokus op Baas se algehele optrede en ingesteldheid –ongeag of dit sy omgeehart wys. Dit dien as bewys dat leerders nie die teks goed genoeg verstaan nie.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet die PVI-metode in hul opstelle gebruik. Maak ’n stelling (P) en verduidelik of illustreer dan met ’n voorbeeld uit die teks.
’n Kort inleiding en slot is deurslaggewend.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Leerders ken nie hul inhoud goed nie en maak dan feite op soos hul aangaan of begaan feitefoute. Dit word ongelukkig streng gepenaliseer.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Leerders moet literêre opstelle oefen. Deel die memorandums van vorige eksamens aan u leerders uit sodat hul daardie inligting kan gebruik om 'n goeie opstel te skryf. Kyk dan na die struktuur en aanbieding en maak seker dat u vertroud is met die nasienrubriek. Ons merk nie feite nie (geen regmerkies moet gemaak word nie), maar u kan kodes gebruik wat u kan help met u eie gedagtegang soos die opstel nagesien word. Sien die nasienrubriek vir die kode van hierdie opstel.

QUESTION 9 – Manaka plek van horings

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**4%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die kontekstuele vraag is besonder swak beantwoord. Leerders het duidelik nie die inhoud van hierdie roman onder die knie nie. Baie harde werk lê vir 2017 voor indien 'n verbetering in die swak
beantwoording van hierdie vraag gesien wil word. Dit is onrusbarend dat die meeste kandidate geen
benul het van wat hier gebeur of gevra word nie.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Dit het in die meeste gevalle gelyk of die leerders nie die roman gelees het nie. Die punte vir hierdie
vraag was kommerwekkend laag.
9.1 Leerders ken nie die karakters of die intrige nie.
9.2 Basiese kennis soos hoe Brindle 'n skakel met Baas se oupagrootjie vorm, ontbreek.
9.3 Leerders kon nie afleidings omtrent karakters se optredes maak nie.
9.4 Basiese verwysings na insidente kan nie beantwoord word nie.
9.4.3 Leerders weet nie innerlike konflik is nie.
9.5 Kennis omtrent karaktereienskappe ontbreek heeltemal.
9.6 Leerders verstaan nie wat 'geregverdig' beteken nie.
9.7 Leerders kon nie die funksie van die verteller aflei nie.
9.10 Leerders het nie die basiese inhoudagtergrond om 'n tema en boodskap af te lei nie.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Niks kan verwag word indien die leerders nie die storie en die karakters ken nie.
Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die leerders die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets leerders se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders skryf die teksgedeeltes in die vraestel net so as antwoorde oor. Dit is baie duidelik dat hul dan geen benul het van wat gevra of verwag word nie.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Laat die leerders gereeld inhoudstoetse skryf en maak leerders gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die roman.

QUESTION 10 – Vatmaar

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**55,4%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die langvraag is goed beantwoord en was ’n maklike opsie waar leerders goeie punte kon verdien.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die leerders wat swak gevaar het, het bloot die storie vertel sonder om dit aan die omgeehart van die drie karakters te koppel.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet die PVI-metode in hul opstelle gebruik. Maak ’n stelling (P) en verduidelik of illustreer dan met ’n voorbeeld uit die teks.
‘n Kort inleiding en slot is deurslaggewend.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders ken nie hul inhoud goed nie en maak dan feite op soos hul aangaan of begaan feitefoute. Dit word ongelukkig streng gepenaliseer.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leerders moet literêre opstelle oefen. Deel die memorandums va vorige eksamens aan u leerders uit sodat hul daardie inligting kan gebruik om 'n goeie opstel te skryf. Kyk dan na die struktuur en aanbieding en maak seker dat u vertroud is met die nasienrubriek. Ons merk nie feite nie (geen regmerkies moet gemaak word nie), maar u kan kodes gebruik wat u kan help met u eie gedagtegang soos die opstel nagesien word. Sien die nasienrubriek vir die kode van hierdie opstel.

QUESTION 11 – Vatmaar

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**36%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die kontekstuele vraag is swak beantwoord. Leerders het duidelik nie die inhoud van hierdie roman onder die knie nie. Baie harde werk lê vir 2017 voor indien 'n verbetering in die swak beantwoording van hierdie vraag gesien wil word.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Dit het in die meeste gevalle gelyk of die leerders nie die roman goed genoeg gelees het nie. Die punte vir hierdie vraag was kommerwekkend laag.

11.1 Basiese vraag rondom name en karakters is swak beantwoord.
11.2 Leerders ken nie die intrige nie.
11.4 Leerders kan nie basiese afleidings maak soos hoe handeling en dialoog by die titel van die roman aansluit nie.
11.5 Leerders kon karaktereienskappe van Sus Bet noem, maar hul kon dit ongelukkig nie met toepaslike voorbeelde uit die teks staaf nie - weer eens 'n bewys dat hul nie die inhoud ken nie.
11.8 Leerders weet nie wat innerlike konflik is nie; of hul kan dit nie korrek verwoord nie.
11.9 Basiese inhoudkennis ontbreek.
11.11 Leerders sukkel om ooreenkomste/verbande tussen twee tekste raak te sien.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Niks kan verwag word indien die leerders nie die storie en die karakters ken nie.
Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die leerders die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets leerders se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders skryf die teksgedeeltes in die vraestel net so as antwoorde oor. Dit is baie duidelik dat hul dan geen benul het van wat gevra of verwag word nie.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Laat die leerders gereeld inhoudstoetse skryf en maak leerders gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die roman.

QUESTION 12 – Krismis van Map Jacobs

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**61,2**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die langvraag is redelik goed beantwoord. Leerders wat swakker in die vraag gevaar het, ken nie die karakters nie en verstaan nie die belangrike rol wat hul in die lewe van die hoofkarakter speel nie.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die leerders ken nie inhoud van die drama nie en kon dus nie behoorlike argumente aanvoer hoekom dié karakters ’n groot rol speel nie.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet die PVI-metode in hul opstelle gebruik. Maak ’n stelling (P) en verduidelik of illustreer dan met ’n voorbeeld uit die teks.
‘n Kort inleiding en slot is deurslaggewend.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders ken nie hul inhoud goed nie en maak dan feite op soos hul aangaan of begaan feitefoute. Dit word ongelukkig streng gepenaliseer.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leerders moet literêre opstelle oefen. Deel die memorandums van vorige eksamens aan u leerders uit sodat hul daardie inligting kan gebruik om ‘n goeie opstel te skryf. Kyk dan na die struktuur en aanbieding en maak seker dat u vertroud is met die nasienrubriek. Ons merk nie feite nie (geen regmerkies moet gemaak word nie), maar u kan kodes gebruik wat u kan help met u eie gedagtegang soos die opstel nagesien word. Sien die nasienrubriek vir die kode van hierdie opstel.

QUESTION 13 – Krismis van Map Jacobs

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**58,1%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die kontekstuele vraag is swak beantwoord. Dit wil voorkom of leerders nie ’n behoorlike studie van
die teks maak nie. Die leerders moenie bloot die teks lees nie, maar hul moet afleidings kan maak omtrent karakters se optrede, houdings en dialoog.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Dit wil voorkom of die leerders nie eie afleidings uit die teks kan maak nie.

13.1 ’n Afleiding omtrent karakters/optrede kon nie gemaak word nie.
13.2 Stapelvrae verdien aandag. Leerders het gesukkel om by 3 punte uit te kom.
13.4 Die stapelvraag het weer probleme veroorsaak. Leerders moet mooi lees en alle aspekte beantwoord.
13.5 Leerders het nie na die puntetoekenning gekyk nie en slegs een rede gegee.
13.8 Leerders het nie albei kante van die ironie aangeraak nie.
13.9 Leerders weet nie hoe die stemming in die drama verander nie. Hul kon ook nie by die gedagte van vergifnis/versoening uitkom as rede vir die veranderde stemming nie. Indien daar na die slot van die drama verwys word, word daar nie na Cavernelis se dood verwys nie. Kyk weer in die leesgids na die bou van die drama.
13.11 Evaluering is belangrik, maar die leerders het nie hierdie vraag goed beantwoord nie. Die antwoorde is vaag en bied eintlik een gedagte aan wat uitgebrei word. Vir TWEE punte moet TWEE gedagtes geskryf word.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Niks kan verwag word indien die leerders nie die storie en die karakters ken nie.
Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die leerders die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets leerders se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders raak deurmekaar met die verskillende karakters en gebeure in die drama.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Laat die leerders gereeld inhoudstoetse skryf en maak leerders gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die drama.

QUESTION 14 – Mis

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**62,9%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die langvraag is redelik goed beantwoord. Die leerders wat gesukkel het, ken nie die dieperliggende ontsnappingstema van die drama nie.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die leerders wat swak gevaar het, het bloot die storie vertel sonder om dit aan die ontsnapping en die hulp van konstabel te koppel.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet die PVI-metode in hul opstelle gebruik. Maak 'n stelling (P) en verduidelik of illustreer dan met 'n voorbeeld uit die teks.
'n Kort inleiding en slot is deurslaggewend.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders ken nie hul inhoud goed nie en maak dan feite op soos hul aangaan of begaan feitefoute. Dit word ongelukkig streng gepenaliseer.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leerders moet literêre opstelle oefen. Deel die memorandums van vorige eksamens aan u leerders uit sodat hul daardie inligting kan gebruik om 'n goeie opstel te skryf. Kyk dan na die struktuur en aanbieding en maak seker dat u vertroud is met die nasienrubriek. Ons merk nie feite nie (geen regmerkies moet gemaak word nie), maar u kan kodes gebruik wat u kan help met u eie gedagtegang soos die opstel nagesien word. Sien die nasienrubriek vir die kode van hierdie opstel.

QUESTION 15 – Mis

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Average mark from the sample of 100 :	**56,4%**	
SUB-QUESTION	**TOPIC OR ASPECT TESTED**	**AVERAGE % FROM SAMPLE**

Die kontekstuele vraag is redelik goed beantwoord, maar daar is ruimte vir verbetering. Dit is duidelik dat sekere sentrums nie gewoond is aan die soort kognitiewe vrae wat vereis word nie en sukkel dus om afleidings te maak en evaluering/waarderingvrae met sukses te beantwoord.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Dit het in die meeste gevalle gelyk of die leerders nie die teks goed genoeg ken nie.

15.1 Leerders lees nie die vrae behoorlik nie. Hier moes hul oor dialoog en handeling skryf, maar hul antwoorde is vaag.
15.2 Leerders weet nie wat neweteks beteken nie.
15.5 Leerders is onseker wat dramatiese ironie beteken en dui ook nie beide kante van die ironie aan nie.
15.7 Leerders het gesukkel om karaktereienskappe af te lei.
15.8 Leerders het nie die woord 'teenstrydighede' verstaan nie.
15.11 Leerders ken nie die temas van die drama nie.
15.12 Die evalueringvraag is swak beantwoord. Leerders se antwoorde is vaag en onsamehangend.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Niks kan verwag word indien die leerders nie die intrige en die karakters ken nie.
Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die leerders die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets leerders se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders skryf die teksgedeeltes in die vraestel net so as antwoorde oor. Dit is baie duidelik dat hul dan geen benul het van wat gevra of verwag word nie.

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Laat die leerders gereeld inhoudstoetse skryf en maak leerders gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die drama.